Die Hoërskool Jan van Riebeeck

01 Desember 2009

Beste Graad-8 ouer

Namens die personeel is dit vir ons baie aangenaam om u en u kind by die Hoërskool Jan van Riebeeck te verwelkom. Ons sien uit na ‘n gelukkige en vervullende verbintenis tussen skool en ouerhuis in die beste belang van u kind. Ontvang hiermee die graad-8 reëling-skrywe en ouerhandleiding.

★ Voogonderwyser

Elke graadgroep word verdeel in vier klasse, elk met ‘n registeronderwyser en ‘n graadvoog wat vir die hele graad verantwoordelik is. Hierdie span vergesel u kind dan tot in graad 12. My taak as voog is om administrasie en pastorale aspekte van die graadgroep te behartig en veral om met u te skakel aangaande sake wat u kind raak.

Neem asseblief die vrymoedigheid om my te skakel of persoonlik te kom spreek na gelang van behoefte.

★ Ouerhandleiding

Elke ouerhuis word jaarliks met hierdie veelomvattende handleiding toegerus. Hierdie handleiding bevat alle inligting oor die bestuurspan, beheerliggaam, personeel, finansiële verpligtinge, ko-kurrikulêre aktiwiteite en verwagtinge, akademiese vereistes en verwagtinge, merieteseremonies, gedragskode, dissiplinêre hantering, leerder- ondersteuningmateriaal, skooldrag, 2010-jaarbeplanner en vele meer.

Dit is vir die skool van uiterste belang dat u ten alle tye ingelig sal wees oor die kode waarin elke komponent van die skool omskryf is, en dat u kind binne hierdie kode sal optree. Ons beveel dus sterk aan dat u hierdie handleiding deeglik sal bestudeer ten einde ‘n ingeligte Jan van Riebeeck ouer te wees.

★ Busse

Leerders wat plekke op ons skoolbusse vanaf die **westelike voorstede** wil bespreek, kan die vorms by registrasie van die kamp verkry en hoef dit nie voor die tyd in te vul nie. Leerders vanaf die Suidelike voorstede kan reëlings met HG Travelling self tref by die nommer 021 703 0141.

★ **Skoolklere en boeke**

Die skool se klere- en boekebank is oop vanaf 06 Januarie 2009 vanaf 08h00 – 16h00, waar u alle skoolklere en leermateriaal kan bekom soos verlang en uiteengesit in u ouerhand-leiding. Voel dus welkom om alle aankope sommer vooraf by die skool te doen vir u gerief teen die mees bekostigbare pryse.

★ **Verwelkomingskamp**

Die verwelkomingskamp word vanaf Vrydag, 08 Januarie 2010 om 09h00 tot Sondag, 10 Januarie 2010 om 20h00 by Hoërskool Jan van Riebeeck aangebied.

Die skool heropen op Woensdag 13 Januarie 2010. Koshuisinwoners **kan indien nodig** reeds Sondagaand (10 Januarie 2009) na die Graad 8 Skouspel hul kamers betrek.

Die kampkoste beloop R250 per leerling, wat asseblief Vrydag by die aanvang van die kamp inbetaal moet word.
Die leerlinge en ouers meld Vrydagoggend tussen 09h00 en 09h30 by die skoolsaal aan, waar kampregistrasie sal plaasvind en die skoolhoof sy amptelike woord van welkom aan u en die nuwelinge sal rig. **U moet ook die vrywarings- en registrasievorm aangeheg voltooi en by registrasie inhandig.**

Die Kabinet en Huiskomitee-lede speel 'n groot rol in die kampprogram. Hulle sal elk 'n gemiddeld van 10 leerlinge onder die vlerk neem en bande smee wat deur die jaar versterk sal word.
Die skoolhoof en verskeie personeel sal die kamp bywoon om reëlings te tref, aktiwiteite te fasiliteer, sport- en kultuurtalente te ontdek en Jan van Riebeeck- gebruike aan te leer. Ontgroeningsprosedures is streng verbode, maar skooltradisies en gebruike sal bespreek word en aspekte soos spangees-verwagtinge en motivering sal aandag geniet. Ons oogmerk is om die leerders wat uit 20 verskillende skole kom tot 'n hegte eenheid saam te snoer asook om 'n aangename gevoel van eienaarskap en "ek behoort" te skep.

U kind sal deurentyd onder volwasse toesig wees. **Ons sal dit gevolglik hoog op prys stel indien u nie bel, kom kuier of u kind ontydig kom haal nie.**
Skakel die skoolhoof **082 461 3698** of voog, Mnr. C. Faber **0828286535** , vir dringende boodskappe.

Leerders moet deurentyd **prakties en gemaklik** geklee wees sodat hulle onbelemmerd aan aktiwiteite kan meedoen. **Kortbroeke en T-hempies met tekkies of hardloopskoene is ideaal.**

Wat etes betref, moet u asseblief sorg vir 'n stewige ontbyt die Vrydagoggend. Gebalanseerde, gesonde maaltye word voorsien, met versnapperinge tussendeur. 'n Snoepwinkel sal wel by tye beskikbaar wees. Sakgeld van **nie meer as R 50 word aanbeveel** .

Stuur asseblief alle medikasie ens. met duidelike voorskrifte saam en bring enige aandagvergende kwale en toestande pertinent onder my persoonlike aandag.

Laat ons ook vroegtydig weet indien u kind nie aan sekere aktiwiteite mag deelneem of sekere voedselsoorte mag inneem nie.

★ **Verbode items op kamp**

Geen selfone, juwele, radio's, ipods, mp3-spelers of enige ander waardevolle items word op die kamp toegelaat nie om die verlies en skade aan sulke items te voorkom.

★ **Graad 8 Skouspel**

Die Graad 8's het vir die afgelope 4 jaar met hul skouspelproduksie wat op die verwelkomingskamp voorberei word, asems weggeslaan sodat dit jaarliks deel gevorm het van die stigtersdagvieringe. Die kreatiewe en skouspelbom gaan volgende jaar behoorlik bars met die 2010-nuwelinge, maar ek benodig u samewerking in die volgende verband. **Die basiskostuum is 'n swart t-hemp of toppie (geen labels op gedruk nie, asseblief) , 'n swart langbroek (nie jean of sweetpakbroek nie) en 'n denim. U moet seker maak dat u kind daarmee toegerus is op die kamp.** 'n Swart broek sal hy of sy nog by baie funksies op hoërskool gebruik, so sien dit as 'n belegging en help my met gehalteversekering vir 'n produksie waarop ons almal trots sal wees. Indien u dogter dalk 'n wit JT- toppie en enige "tights" in die kas het, moet sy dit ook saambring, sienende dit in van die tonele gebruik word.

★ **Nuwe inskrywings**

Alle skole in Suid-Afrika is verplig om leerlinge te registreer op 'n databasis van die Nasionale Onderwysdepartement. Geen registrasie is egter moontlik sonder 'n gekodeerde oorspronklike oorplasingsvorm van die vorige skool nie. Nuwelinge moet met die eerste skooldag sodanige vorm inhandig. Sonder hierdie oorplasingsvorm is registrasie onmoontlik by die Hoërskool Jan van Riebeeck.
Raadpleeg die aangehegte kampkennisgewing vir verdere inligting en kontak my gerus indien daar enige verdere navrae ontstaan.

Maak asseblief seker dat u kind voor 15 Desember 2008 vir die kamp registreer deur u kind se naam en t-hemp grootte na 082 828 6535 te sms.

Ons is oorgehaal om u met groot entoesiasme te ontvang. Geseënde Kersfees vir u en u gesin en mag 2010 net die beste vir u inhou!

Vriendelike groete

C. Faber
Graad 8 Voog
082 828 6535
cfaber@janvanriebeeck.co.za

Mnr. JJB van Niekerk
Skoolhoof

Kampkennisgewing

08 - 10 Januarie 2010

Wat moet ek inpak?

1. Drie stelle gemaklike klere
2. Swemklere (eenstuk)
3. Slaapklere
4. Warm trui/baadjie
5. Hardloopskoene
6. Swart langbroek en denim vir Skouspel
7. Swart T-hemp vir Skouspel
8. Waterbottel met energie aanvuller
9. Toiletware (tandeborsel, haarknippies, wasgoed etc.)
10. Medisyne (op jou van toepassing)
11. Slaapsak , kussing en afdroogdoek vir skottelgoed.
12. Bybel

Wat gebeur by registrasie?

- ★ Meld tussen 09h00 en 09h30 by skoolsaal aan.
- ★ Handig vrywarings- en registrasievorm in.
- ★ Betaal R250 kampgelde in.
- ★ Ontvang naamkaartjie.

Nog iets?

Maak seker dat jou ouers die Skouspel en skemerkelkie bywoon op
10 Jan 2010 om 18h00.

Wat is die hoogtepunte op die kamp?

- ★ Swemgala
- ★ Nuweling-atletiekbyeenkoms
- ★ Graad 8 skouspel
- ★ Ko-kurrikulêre werksessies
- ★ Akademiese werksessies
- ★ Spanbou-aktiwiteite
- ★ Lekker kos!
- ★ Ontmoet ander pêlle!

Die Hoërskool Jan van Riebeeck

Registrasie vir Verwelkomingskamp 2010
08 – 10 Januarie 2010

Naam en van: (leerder) _____

Posadres:

_____

_____

_

_____

_

_____

_

Telefoon (huis): _____ (ouer/voog)

Selnommer: _____ (ouer/voog)

Geboortedatum: _____ (leerder)

Mediese fonds: _____

Fondsnommer: _____

Huisdokter: _____

Huisdokter tel: _____

Mediese inligting waarvon ons behoort te weet:

_____

_____

_____

_____

Ouer / Voog se handtekening: _____

Voltooi vrywaringsvorm op rugkant ...

Vrywaringsvorm

Graad 8 Verwelkomingskamp
08 – 10 Januarie 2010

Hiermee verleen ek (ouer / voog) _____

toestemming dat my seun/dogter _____

die graad 8-kamp mag bywoon.

Die skool sal onder geen omstandighede verantwoordelik gehou word vir enige ongevalle of skade voorspruitend uit onverantwoordelike optrede nie.

Meld enige allergieë: _____

Dieëtspesifikasies: _____

Kontaknommer van ouer of voog vir enige navrae: _____

_____

Handtekening (Ouer / Voog)